Ges. 180:1
Ps. 130:1, 3.
Ges. 156:1, 4.

# Op die Uitkyk na God.

(Wf. Junie 1940.)

(Habak. 1:1-4 & 2:1-4.)

Hab. 2:1 – Op my wagtoring wil ek gaan staan, & op 'n skansmuur wil ek my stel om uit te kyk & te verneem wat Hy met my sal spreek.

Nl om leiding & rigting te gee. in hd tyd +

Inl: i) So baie keer in laaste tyd die ~~belang~~ vr. in nuusblaaie, gesprekke geopper: Wat gaan d. wêr. doen? Wat gaan die of dd. staatsman of groep of volk doen as gev. v.d. benouing & krisis v. ons tyd? – Belangr. ja. Mr. dr. is vir my 'n baie baie belangriker vr. as ~~[illegible]~~ ert, vr. wat baie dringender is as enige ander: "Wat is die Kind v O, die gelowige, belyd. X. besig om te doen in hd. tyd van ontwrigting & ommekeer? Waarmee hou Xtene ons gedagtes besig? Hoe sien ons al d. dinge rondom ons – uit d. oogpt van ander mense of uit die oogpt van O? Waar is ons op d. uitkyk?

– Daar was 'n man uit die outyd, m. d. naam v. Habakuk wat dieselfde dinge moes deurmaak as die Kind v. O vandag. In die geduelte gelees gee hy weer alles wat in sy hart omgegaan het & dan kom hy 2:1 om te sê wat hy gaan doen:

Op my wagtoring wil ek gaan staan, & op 'n skansmuur wil ek my stel om uit te kyk & te verneem wat Hy met my sal spreek.

– Dit was 'n baie donker tyd i.d. gesk. van Isr. toe Habak. geleef het. Dit was 'n tyd van Krisis en ontwrigting, 'n tyd waarin haat & geweld skynbaar geseëvier het! En die gebeure ~~dinge~~ nie somar so by Haf. verbygegaan nie – nie onverskillig daarteenoor gestaan nie. Alles wat om hom in die wêr. en in sy volkse lewe gebeur raak hom baie diep and & hy lewe so intens saam ~~skeet~~ alles soos alle ware profete & ~~ware~~ godsd. manne v sy tyd. Al die gebeure drywe hom om hierdie godspraak te skrywe W/in ons 'n pragtige beeld het van 'n man Gods wat deur sy worsteling & twyfel heen 'n antw. gekry het van God self op al die vrae wat sy gemoed ~~bedruk~~ het – 'n antw wat hy kry in sy wagtoring waar hy staan op die uitkyk na God.//

Laat ons kyk na die man soos die teksvers hom openbaar:

I 'n Man met sy lewe omring deur 'n muur.

II Die Wagtoring word Sy toevlugsoord.

III Terwyl hy wagstaan stuur God Sy antw.

## I 'n Man met Sy Lewe omring deur 'n Muur:

~~Ster~~ Al die groot & belangrike stede van Pal. was omring met groot dik hoë mure om die aanvalle v.d. vyandt te hou. Die mure was die enigste doeltr. middel v. verdediging – ~~skaar~~ Mr die mure was so hoog dat niemand in die stad daaroor kon heenkyk na die vlaktes rondom nie, om te sien w/n die vyand sal aanval nie. Die mure het die mense vasgehok, hulle uitsig versper.
– Daarom dat daar op hoogste, mees geskikte plekke op die mure hoë wagtorings gebou is v/w die wêr. rondom bespied en oorsien kon word.

Rekenenn uitkyk –

– In d. gees sien H. homself, sy lewe, as omring deur 'n muur – sy uitsig is versper, hy kannie uitkyk om te sien wat daar buite aangaan nie. Om hom is daar die dik, ondeurdringbare muur van twyfeling & onsekerheid, angs & bekommernis (Hab 1) Hy sien hoedat d. ongeregtighede toeneem, hoedat die Kinders v. G verdruk word, hoedat die saak v.d. H. besig is om vertrap te word. Hy kannie verstaan hoedat ~~dit is dat~~ 'n regverdige G kan toelaat sy Kinders, die regv. & styabaar vertrap & oorwin word deur die goddelose. Al wat hy kan sien is dat onreg besig is om te seëvier – want waarom sou G dan toelaat dat die Bab. leërs, die volk v G oorwin en vernietig?

Die man worstel met God, worstel soos Job, Jeremia, soveel ware Kdrs v G deur die eeue geworstel het m. dié groot vr: Waarom laat 'n regverdige & liefdevolle G toe dat Sy Kinders onskuldig moet ly? – 'n Muur om sy lewe! (Twyfel oor liefde & regverdigheid.)

In sy vertwyfeling roep hy uit: Hoelank, o Here, roep ek om hulp, maar U hoor nie: roep ek tot U: Geweld! – maar U help nie? //

Hoe baie keer was die wde v Hab. nie ook die wde van gelowige Kdrs v die Heer! Hoe baie keer was ons eie lewe & volkslewe nie ook omring deur dik, ondeurdringbare mure nie – mure van beproewing, mure van twyfelmoedigheid, mure van wanhoop~~igheid~~, mure van swaarkry & lyding wat ~~maak~~ ~~dat~~ ~~daar~~ skeiding maak tussen ons & G, wat die uitsig na buite versper, mure wat ons lewe bedruk en verdonker sodat ons niks kan sien nie!

Daar was 'n Muur om Sy Lewe!

Mr. dit was nie al nie. Ons let in 2e plek d/op:

II Die Wagtoring Word Sy Teenlugsoord:

~~As~~ Heel bo op die ~~[illegible]~~ skansmuur, ver verhewe bo die geraas & gewoel v.d. stad, ver verhewe bo die omgewing, met uitsig van myle rondom, staan die wagtoring. // Daar was baie plekke w/h. H. kon vlug: ① ander huise in stad, poorte w/d. hy kon wegvlug v.d. gevaar wat dreig, was nie moeilik om te gee pad nie, megte kom v.d. stryd terrein nie!

② Vriende met wie hy kon gesels, aan wie hy sy hart kon uitstort met al sy vrees & bekommernis! - Heelwaarsk. al gedoen, nie bevredig: soek ander teenlugsoord

③ Plekke van lekker vermaak of[illegible] praatjies waar hy sy twyfel vir oomblik kon stil, sy angs sou vergeet - ook dit bevredig nie!

④ Net één plek waarh. hy vlug:" die wagtoring op die muur!! Maar w/om soontoe?

(a) Omdat die wagtoring die sleutelposisie is vir die Kind v. O as die aanval dreig: die wag[redacted] in sy toring is die enigste wat kan sien as die vyand kom, - die enigste ook wat kan sien of daar nie 'n boodskr. is wat van ver oor die vlaktes aangeh. kom om die goeie tyding v. redding te bring nie. Daarom dat hy sê: Op my wagtoring wil ek gaan staan, & op 'n skansmuur wil ek my stel om uit te kyk & te verneem wat Hy met my sal spreek!

(b) Hy vlug soontoe omdat die wagtoring die enigste plek is waar hy verhewe is bo die geraas & gewoel v.d. stad hier onder ~~, d.w. hy onbelemmerde~~

enigste plek waar hy in stilte & afsondering kan wag op die boodskap van God, // die enigste plek in die hele stad bv. hy 'n ontbel. ~~uitsig~~ vergeunig het om te wag totdat God met hom sal spreek! // Hy staan daar, verwyderd van die wêreld hier onder, v. al die gewoel & gewemel, in heilige afwagting, met brandende begeertes soos wag op sy pos met sy hele wese gespanne ~~en~~ kyk wqn. die beloofde hulp sal opdaag om beleërde stad te verlos – so staan die man van God op sy pos in sy wagtoring op die uitkyk na God!

— Hy staan daar op die muur gewapen m.d. Wd, m.d. gebed, met sy gewete, met die smagting dat God self die boods ~~wag~~ sal ~~bring~~, d.d. Ewige, Onsienlike, self sal kom oor die ~~ver~~ vlaktes heen om die boodskap v. redding ~~aan~~ aan te ~~bring~~ bra, om die antwoord te bring op al sy vrae & twyfel & angste!

— Is dit wat ons doen wanneer die nuse van ... ons lewe omsing? Is ons toevlugsoord die wagtoring v. ons binnekamer waar ons in stilte & afsondering wag op die boods. v. G? // Is dd. wagt. ons sterkte, ons enigste toevlug? //

— In Aus. V.O. een nag 2 soldate opdrag gegee dat hulle die wag v.d. vyand die nag moes doodm-- was doodstil. dat hulle daar moes deurbrak die nag! Donker, onweersnag ~~Helder maanskynaand~~ – op koppie het wag op pos gestaan – onbewus v. alle gevaar dat 2 besig nader kruip. ~~was~~ om hom dood te steek.

Toe hulle end van hom was, op oomblik dat hulle wou ~~spring~~, hoor hoe ~~toeandiria~~ dat

 (sagte deining v.d. a. aangewaai)

Wag begin sing – op aandewind die woorde:

Jesus, wat my siel bemin
laat my aan u boesem leun,
as die watervloed begin,
as die onweer trek & dreun!
//Dek my, Heiland, lei my voort
wyl die lewensstorme woed
veilig deur die hawepoort
tot ek U hierna ontmoet!

Toe hy klaar – laat sak die wapens – sluip in stilte weg: Kon die man nie doodmaak nie want omring deur gevare Hy het wag gestaan // met God aan sy sy! //

Hab. se lewe was omring deur 'n muur – die wagtoring word sy teenlugsoord. Laaste

III {Terwyl hy wagstaan
In die wagtoring stuur God sy Antw:

„Op my wagtoring wil ek gaan staan, & op 'n skansmuur wil ek my stel om uit te kyk – te verneem wat Hy met my sal spreek"

Terwyl hy staan in die wagtoring, vas op sy pos, stuur God sy antw, stuur Hy die boodskap v. redding na die wag so lank al uitsien – vs. 4:

„Die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe"

Wat 'n wonderlike antw.! Op die oog af lyk dit 'n baie onvolledige antw. te wees! Want dis geen direkte antw. op een v H. se vrae nie!

En tog daar staan dit, een v.d. uitsprake wat die grondslag geword het van Paulus se lewe!
Die regverdige, deur die geloof sal hy lewe!
Die antw. is nie volledig nie ja maar dis juis wat God aan H. duid. gemaak het daar in sy wagtoring: Hier op die aarde moet ons groot lewensdoel nie wees om al ons twyfel in sekerhd om te skep, nie vermag om al onse smekinge in die gebed beantw. te kry nie – ons een groot strewe moet wees: Seker te wees v God, te lewe in vaste vertroue op sy beloftes, te steun op Sy versekeringe al lyk die tokoms hoe duister, s/l al verstaan ons ook hoe min wat God voor oë het! Dan & dan alleen sal ons waarlik lewe: nie lewe in die sin dat alles met ons sal goed gaan nie, mr. in dié sin dat ons elke dag krag sal ontvang om sedelik & geestelik sterk te wees, innerlike krag om te oorwin oor al ons beproewing & lyding omdat ons weet: Ek staan nie meer alleen in die wagtoring nie – God staan aan my sy!
Bls 9: soldaat – Kind – Kind v.d. Kinders v. d. Heer!

Daar sal altyd vrae om ons lewe wees – dit onderdrukbare vrae van beproewing of lyding wat ons lewe bedruk & beswaar. Ook in dié tyd is daar baie vrae om ons gebon: vrae en probleme wat ons nie kan beantw.

Of ons wil of nie: die mure sal bly. En dis ook baie goed so - want **bo-op die muur** staan die **wagtoring** waar ons heen kan vlug om God te ontmoet. **Hoe dikker die muur, hoe veiliger die wagtoring in tyd v. gevaar!**

Daar is dit waar God wil hê dat ons in tye van verwarring & verwoesting, tye van krisis & nood sal staan, vas op ons pos, omdat die wagtoring die verantwoordelikste plek is van almal - die skutelposisies wat ons as Kds v. G in hd. tyd moet beklee.
Binnekamer, gebed. V: wat doen? Besig om te bid.
Daar is dit waar ons in **stilte & afsondering**, onbelemmerd & ongehinderd moet staan op die uitkyk na God, **wagtende op die antw. wat Hý ons wil gee oor die rede v/al die dinge v/d. gebeure!**

— Laat ons dan vas staan & versigtig wees dat ons ~~ruigste~~ wapens in die stryd nie net ons mens deur **koerante & draadlose wees nie**, mr. bo al mens v/d Gods ^ons Wd, die gebed & ons gewetes! ~~Is ons elke dag~~ dit nie van groter belang om eers ons mens v G te hoor v/d ons die mens v/d. wêr hoor nie?

— In die **wagtoring van ons binnekamers**, op ons knieë voor God - daar sal die **antw.** kom ook vir ons: Staan vas, ~~handel~~ regverdig, moenie wankel want kyk:

Die Regverdige, deur geloof sal hy lewe!

– Daar is baie dinge wat 'n <u>soldaat</u> nie verstaan nie mr hy weet sy bevelvoerder ken die terrein & d/om gehoorsaam hy

– Daar is baie dinge wat <u>'n Kind</u> nie kan verstaan nie; mr hy weet sy vader verstaan & d/om is hy tevrede.

– Baie dinge wat ons as <u>Kds vO</u> nie verstaan mr ons weet ons Vader het die oplossing & d/om wag ons geduldig, in geloof en vertroue tot die dag w/neer Hy sy berge sal gelyk maak & ons ~~sal~~ voetste sal lei op die weg van ms & vrede!